



En Hy het 'n nuwe lied in my mond gegee, 'n lofsang tot eer van onse Elohiem (Ps. 40:4)

E-pos: kontak@nuwelied.info
 Webwerf: <http://www.nuwelied.info>

Parashah 18: *Mishpatim* (משפטים) regsuitsprake; riglyne; verordeninge

Hierdie is die regsuitsprake wat jy hulle moet voorhou. Ex. 21:1 – PWL¹

Torah: Exodus 21:1 tot 24:18

Haftorah: Jer. 34:8 tot 22; Jer. 33:25 en 26

Hernieuwe Verbond: Matth. 5:38 tot 42; Matt. 15:1 tot 20; Mark. 7:1 tot 23; Luk. 7:1 tot 8:3; Heb. 9:15 tot 22 en 10:28 tot 39.

Hierdie notas is aanvullend tot die vorige notas vir parashah 18 wat afgelaai kan word by: [Parashah18Notas14](#) of deur dit aan te vra by kontak@nuwelied.info.

We have heard of many people who trusted God too little, but have you ever heard of anyone who trusted Him too much? – Hudson Taylor.

How can you pull down strongholds of Satan if you don't even have the strength to turn off your TV? – Leonard Ravenhill.

The reason why the Ten Commandments are short and clear is that they were handed down direct, not through several committees – Dan Bennett.

Midrash (Torah Bespreking)

Hierdie week se Parashah begin met die woord *v'Eyleh* wat *en hierdie* beteken, bedoelend dat dit 'n voortsetting is van dit wat YHVH vooraf gesê het, naamlik aansluitende by die Tien Woorde. Indien die woord *Eyleh* (sonder die letter *vav*) gebruik sou word, dan sou dit wat YHVH nou sê los gestaan het van dit wat Hy vooraf gesê het. Hierdie parashah is dus 'n voortsetting en uitbreiding van die vorige parashah.

Die onderrig en instruksies van YHVH se Torah is die maatstaf van reinheid en heiligheid (afgesonder en uitgeroep vir YHVH). Dit bevat die definisie van wat is reg en wat is verkeerd, van wat is heilig (afgesonder vir YHVH) en van wat is onheilig, asook die definisie van wat is rein en wat is onrein. Torah is dus YHVH se standaard van geregtigheid. Daarom het Yeshua gesê:

*Maar soek eers die koninkryk van God en **Sy geregtigheid**, en al hierdie dinge sal vir julle bygevoeg word.* Matt. 6:33.

¹ PWL Vertaling (Pad van Waarheid tot die Lewe) kan gratis afgelaai word by www.padwlewe.ch of kontak vir Gerrie Coetsee by padwlewe@yahoo.com

In die Amplified vertaling lees hierdie teksvers soos volg:

But seek for (aim at and an strife after) first of all His Kingdom and His righteousness (His way of doing and being right), and then all these things taken together will be given you besides.

Yeshua het ook gesê:

Want Ek sê vir julle dat, as julle geregtigheid nie oorvloediger is as dié van die skrifgeleerdes en Fariseërs nie, julle nooit in die koninkryk van die hemele sal ingaan nie. Matt. 5:22.

Dit is dus baie duidelik dat ons YHVH se geregtigheid moet ken – ons moet dit soek en onself vergewis van wat dit behels met die doel om dit te doen!

In Ps. 33:5 leer ons dat YHVH het geregtigheid en reg lief. Verwys ook Ps. 97:2; Ps. 99:4. Ons Vader wil hê dat ons Sy geregtigheid moet doen.

Om geregtigheid en reg te doen is vir YHVH verkiesliker as offers. Spr. 21:3.

Daarom moet ons die geregtigheid doen, naamlik:

- ❖ Om te glo in Yeshua as die Messias en
- ❖ Om volgens Torah in ons gedagtes, woorde en daede te leef as ‘n geregverdigde.

YHVH, wie mag vertoef in u tent? Wie mag woon op u heilige berg? Hy wat opreg wandel en geregtigheid doen, en wat met sy hart die waarheid spreek. Ps. 15:2

My kinders, laat niemand julle mislei nie: wie die geregtigheid doen, is regverdig soos Hy regverdig is. 1 Joh. 3:7

Die volgende Skrifverwysings is almal bevestiging dat ons YHVH se geregtigheid moet doen: Ps. 106:3; Jes. 58:2; Jer. 23:5; Jer. 33:15; Eseg. 18:27 en Eseg. 33:14 en 19.

Luister na die woorde van Petrus in Hand. 10:34 en 35:

En Petrus het sy mond geopen en gesê: Ek sien waarlik dat God geen aannemer van die persoon is nie, maar dat in elke nasie die een wat Hom vrees en geregtigheid doen, Hom welgevallig is.

Die Apostel Johannes bevestig hierdie woorde toe hy geskryf het:

As julle weet dat Hy regverdig is, dan weet julle dat elkeen wat die geregtigheid doen, uit Hom gebore is. 1 Joh. 2:29.

Torah en YHVH se geregtigheid is ‘n verklaring (openbaarmaking) van die hoedanighede van YHVH, naamlik van Sy inherente karakter, outoriteit en vermoë, en dus van dit wat YHVH onderskei van enige ander god.

God's law is a thing of beauty because it's an expression of who he is – Izzy Avram

Yeshua is die afskynsel (weerkaatsing) van YHVH se heerlikheid en die afdruksel van Sy wese. Die skrywer van die brief aan die Hbereërs stel dit so pragtig:

Déur Hom (Yeshua) het Hy (YHVH) die uitspannel gemaak, want Hy (Yeshua) is die helder Skynsel van Sy Gemanifesteerde Teenwoordigheid en die Beeld van Sy Wese en hou alle dinge in stand deur die Boodschap van Sy wonderwerkende krag. Hy, in Sy Persoon, het die reiniging van ons sondes volbring en gaan sit aan die regterhan van HaG'dulah BaM'romim (Die Grootheid in die Hoogte). Heb. 2:2 en 3 – PWL.

Daarom, die onderrig en instruksies van Torah leer ons van die lewe en die hoedanighede van Yeshua. Hy is die volmaakte en lewende voorbeeld van hoe geregtigheid gedoen moet word. Daarom kan ons na Yeshua as die Lewende Torah verwys. Net soos die Torah YHVH se geregtigheid in geskrewe vorm is, so het Yeshua dit as mens geleef. Hy is die Woord wat vlees geword het en wat onder ons kom woon het (Joh. 1:14). Yeshua was die sigbare manifestasie van YHVH se Torah!

Bepeins of Bespreek

1. YHVH se geregtigheid is geloof in Yeshua Messias as die Eenmalige offer vir vergifnis van sonde en gehoorsaamheid aan YHVH se Torah – Sy onderrig en instruksies vir ‘n welgeluksalige lewe. Is dit wat die Christendom verkondig? Is wedergeboorte sonder opvolgende Torah-gehoorsaamheid nie ‘n miskraam nie?
2. Daar bestaan ‘n wesenlike gevaar dat ons ons eie geregtigheid kan oprig. Verwys na wat Paulus in Rom. 10:1 tot 8. Ondersoek jouself aan die hand van YHVH se Woord. Maak seker dat jy YHVH se Torah (insettinge, verordeninge, wet, leringe) liever het as jou eie wil (die eie ek, selfwil). Maak seker dat jy nie jou eie geregtigheid opgerig het en jouself regverdig verklaar het nie, want dan is jy mislei.
3. Soos Abraham is ons ook gekies om aan ons nageslag geregtigheid (*tsedakah*) en regverdigheid (*mishpat*) te leer (Gen. 18:19).

Sny die Woord Van Die Waarheid Reg

Die woord *mishpatim* beteken regsuitsprake of beslissings ten opsigte van sonde, naamlik ten opsigte van die oortreding van Torah. Onthou: Sonde is die oortreding van Torah, naamlik oortreding van YHVH se onderrig en instruksies (1 Joh. 3:4). Dit beteken dat ‘n persoon slegs regverdige regsuitsprake en beslissings kan maak indien hy of sy goed onderrig is Torah. Sonder deeglike kennis en insig van YHVH se Torah sal geen regverdige regsuitsprake of beslissings gemaak kan word nie! Daarom het Paulus aan Timotheus die volgende geskryf:

Lê jou daarop toe om jou beproef voor God te stel as ‘n werker wat hom nie hoef te skaam nie, wat die woord van die waarheid reg sny. 2 Tim. 2:15

En ons weet dat YHVH se Torah, Sy *mishpatim* en *mitzvot*, die waarheid is!!

Die vrees van YHVH is rein: dit bestaan tot in ewigheid; die verordeninge (mishpatim; die Torah) van YHVH is waarheid – tesame is hulle regverdig. Ps. 19:10

U geregtigheid is geregtigheid tot in ewigheid, en u wet (Torah) is waarheid. Ps. 119:142

U, o יהוה, is naby en al U opdragte (mitzvot, Torah) is waarheid – Ps. 119:151 – PWL.

Paulus sê dus aan Timotheus om hom daarop toe te spits om ‘n werker (‘n dienskneg) te wees wat hom nie hoef te skaam nie, maar wat YHVH se Torah (die waarheid, die *mishpatim*, die *mitzvot*) reg sny. Om die waarheid reg te sny beteken om in elke situasie ‘n regverdige uitspraak en beslissing volgens Torah te kan maak.

Die regsuitsprake en beslissings wat in hierdie week se parashah gelys word, is dus bedoel om sonde – die oortreding van Torah – te oordeel. Die bedoeling is egter nie dat die individu die wet in eie hande moet neem nie, maar dat die regsuitsprake en beslissings aan YHVH oorgelaat word en aan diegene wat as regters oor Israel aangestel is.

Dit is in hierdie konteks dat ons Skrifgedeeltes soos Matt. 7:1 tot 5 moet verklaar!

“Moenie oordeel nie sodat julle nie geoordeel word nie, want volgens die oordeel waarmee julle oordeel, sal julle geoordeel word en met die maat waarmee julle meet, sal dit vir julle uitgemeet

word. Waarom sien jy die splinter in jou broer se oog, maar die plank in jou eie oog merk jy nie op nie? Hoe kan jy vir jou broer sê: 'Laat my die splinter uit jou oog uithaal en let op, daar is 'n plank in jou eie oog? Toneelspeler van 'n valse karakter, haal eers die plank uit jou eie oog uit, dan sal jy kan sien om 'n splinter uit jou broeder se oog uit te haal! (PWL).

Dit beteken om nie onself aan te stel as regters oor ons mede-gelowiges nie, of selfs medemens nie, en om nie onself in die plek van YHVH as Oppergesag te stel nie. Ons moet ons gebrek aan kennis en insig van YHVH se Torah in ag neem, asook die feit dat ons meestal nie die volle perspektief en agtergrond het van wat ons as 'n oortreding van Torah deur iemand anders beskou nie. Ons moet waak teen vooroordeel, veral wanneer ons nie insig in die agtergrond van 'n situasie het nie, of nie in 'n posisie is om 'n regsuitspraak of beslissing te maak nie!

Bepeins of Bespreek

1. Dikwels oordeel ons iemand omrede hy op 'n ander wyse sondig as wat ons sondig! Byvoorbeeld: Iemand gedenk en heilig die shabbat dalk op 'n ander wyse as wat jy dit doen en op 'n wyse waaroor daar in die Skrifte geen duidelike uitspraak is nie.
2. Yeshua gee ons 'n praktiese demonstrasie van regverdie en onregverdige regsuitspraak toe Hy deur die skrifgeleerdes en die Fariseërs gekofronteer was met 'n vrou wat deur hulle van owerspel aangekla was (Joh. 8:1 tot 11). Let daarop dat Yeshua haar nie veroordeel het nie, want Hy het nie die agtergrond van die omstandighede gehad wat tot die aanklag gely het nie!
3. Alvorens ons regsuitspraak lewer is dit eerder gewens om onself te herinner aan die geleykenis van die tollenaar en die Fariseër (Luk. 18:9 tot 14).

In Die Sewende Jaar

“Hierdie is die regsuitsprake wat jy hulle moet voorhou: as jy 'n Hebreëuse slaaf koop, moet hy ses jaar lank dien, maar in die sewende moet hy vry weggaan sonder om te betaal. Ex. 21:1 en 2 – PWL.

Hierdie ses jaar wat die Hebreëuse slaaf moet dien is 'n sinnebeeld van die ses duisend jaar wat die mensdom die geleentheid het om as verbondskneg (*bond servant*) YHVH te dien. Dit is 'n sinnebeeld van die geleentheid wat elkeen het om as arbeider in YHVH se Koninkryk te dien. Maar dit is 'n tydperk wat geken word deur beproewinge en struikelblokke. Dit is elkeen se wildernistog!

Wanneer die Millennium, naamlik die Duisendjaar van die Messiasryk egter aanbreek, sal elkeen wat getrou gearbei het in YHVH se Koninkryk, vry weggaan. In die Millennium sal elkeen wat tot die einde deur vertrou in Yeshua en gehoorsaamheid aan Torah getrou gebly het, vry wees van beproewinge en struikelblokke. Dan sal ons die seëninge van die Messiasryk deelagtig wees. Dit sal 'n ware Shabbatsrus wees!

Elke mens se lewe is ook 'n sinnebeeld van ses dae wat gewerk word, en wanneer ons sterwensdag aanbreek is daar 'n 'sewende dag van rus'. Maar hierdie sewende dag sal ook die dag wees waar elkeen se werk aan die lig sal kom! Luister wat skryf Paulus:

...want niemand kan 'n ander fondament lê as wat daar gelê is nie - dit is Yeshua, Die Gesalfde Een. As enige iemand op dié fondament bou met goud, silwer, kosbare stene, hout, gras of stoppels – elkeen se dade sal aan die lig kom, want die dag sal dit uitwys omdat dit deur vuur openbaar gemaak word en die vuur sal elkeen se werk toets. Die een wie se dade, wat hy daarop gebou het, bly staan, sal sy beloning kry. As iemand se dade verbrand word, sal hy skade ly; hy self sal ontsnap, maar soos deur vuur heen. 1 Kor. 3:11 tot 15 – PWL.

Daarom het Yeshua gesê dat ons nie op aarde skatte bymekaar moet maak nie, maar dat ons hemelse skatte wat ewigheidswaarde het bymekaar moet maak (Matt. 6:19 en 20).

Pas dan op dat julle nougeset wandel, nie as onwyse nie, maar as wyse; en koop die tyd uit, omdat die dae boos is. Daarom moet julle nie onverstandig wees nie, maar verstaan wat die wil van YHVH is.
Efes. 5:15 tot 17.

Bepeins of Bespreek

1. In 1 Kor. 3:11 lees ons dat Yeshua is die fondament waarop ons moet bou. Maar Yeshua is ook die Lewende Woord (die Torah). Dus is die fondament waarop ons bou die Torah. Dit vorm die basis van ons verhouding met YHVH-God deur Yeshua ons Middelaar.

Elkeen dan wat na hierdie woorde (Torah) van My luister en dit doen, hom sal Ek vergelyk met 'n verstandige man wat sy huis op die rots gebou het. En die reën het geval en die waterstrome het gekom en die winde het gewaai en teen daardie huis aangestorm, en dit het nie geval nie, want sy fondament was op die rots. En elkeen wat na hierdie woorde (Torah) van My luister en dit nie doen nie, sal vergelyk word met 'n dwase man wat sy huis op die sand gebou het. En die reën het geval en die waterstrome het gekom en die winde het gewaai en teen daardie huis aangestorm en dit het geval, en sy val was groot. Matt. 7:24 tot 27

2. 'n Torahlose huis kan nie staande bly teen die aanslae van die lewe nie! Dit gee toegang aan die dief om te kom om te steel te slag en te verwoes. Maar Yeshua (Torah) het gekom dat ons lewe en oorfloed kan hê (Joh. 10:10).

-0-0-0-0-0-0-0-

Shalomgroete tot volgende keer.
Johan.

Epos: kontak@nuwelielied.info

Webwerf: <http://www.nuwelielied.info>

Kopieë mag gemaak en gratis versprei word, maar mag nie verkoop word nie. Geen veranderinge mag aan die oorspronklike teks aangebring word en dit dan onder die naam van Nuwe Lied Bediening versprei nie.